DEEL 118 | WEEK 13 | 27 MAART 2026 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S N ERALD, IT IS ONLY



# Manne-aand bring Springbok-gees na Heilbron

Die gees en vreugdevure van rugby het op 18 Maart 2026 by Hoërskool Heilbron hoog gebrand toe die skool vir die derde agtereenvolgende jaar sy gewilde manne-aand aangebied het.

Met Fuel Stop Total as hoofborg het die aand die harte van jonk en oud verower met stories en staaltjies wat smaaklik gedeel is deur Springbok-legendes.

Hoërskool Heilbron se ouerkomitee het weereens gesorg vir heerlike kos, terwyl sappige *steak* van Midland Meat verder bygedra het tot die aand se groot sukses.

Die seremoniemeester vir die aand was Pottie van "Chat a Bietjie Ball", wat met sy kenmerkende humor die gehoor laat skaterlag het. Die eregaste van die aand, oud-Springbokke Jannie du Plessis en Willem Alberts, beter bekend as "The Bone Collector", het die gehoor geboei gehou met stories uit hul dae in die Springbokspan.

Dit was veral interessant om te hoor met hoeveel respek hulle oor hul voormalige afrigter, Pieter de Villiers, beter bekend as "Snorre", gepraat het. Volgens Du Plessis sal De Villiers altyd vir hom uitstaan as 'n afrigter met 'n groot hart wat werklik omgegee het vir sy spelers se emosionele welstand.

Die veiling en fondse wat tydens die aand ingesamel is, speel 'n groot rol in die skool se jaarlikse begroting. Met die hulp van die Heilbron-gemeenskap geniet die skool sterk ondersteuning vir projekte en ontwikkeling.

Die skoolhoof, mnr. Johnny van der Merwe, in samewerking met die Manne-aand-komitee, het 'n hartlike woord van dank uitgespreek aan elkeen wat bygedra het tot die sukses van die aand. Die onderwysers, ouerkomitee en ouers het baie hard gewerk, en sonder die betrokkenheid van die gemeenskap sou baie van die skool se toekomsplanne nie moontlik wees nie. ***Foto Erkenning: Hendie Lötter***












# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *10 kreatiewe en prettige vakansie-aktiwiteite om jou kind besig te hou*




*• Elmarie Els-Hammann*

Vakansietyd beteken vir kinders meer vryheid, maar ouers moet soms kreatief wees om hulle besig en gelukkig te hou. Hier is tien praktiese aktiwiteite, elk met wenke om dit maklik en interessant te maak:

Kuns en handwerk – Laat jou kind teken, verf of met klei werk. Jy kan saam 'n gesinskunsprojek doen soos 'n muurplakkaat, collage of selfs 'n storieboek. Handwerk ontwikkel nie net kreatiwiteit nie, maar verbeter ook fynmotoriese vaardighede.

Bouprojekte – Gebruik Lego, blokkies of kartonhouers om huise, forte of voertuie te bou. Probeer uitdagings soos "bou die hoogste toring" of "ontwerp jou droomhuis" om probleemoplossing en spanwerk te stimuleer.

Mini-olimpiade – Skep 'n klein hindernisbaan in die tuin met spring, hardloop en balgooi-aktiwiteite. Jy kan kinders aanmoedig om tydsrekords te hou of medaljes te maak vir ekstra pret.

Sokker of balspel – Bal-speletjies in die tuin of park hou kinders fisies aktief en leer spanwerk en koördinasie. Wissel speletjies soos doelskop, vangbal en dribbel-uitdagings af om verveling te voorkom.

Skattejag – Verstik klein items rond die huis of tuin en gee kinders leidrade om dit te vind. Voeg raaisels of eenvoudige take by, soos "vinnig spring 10 keer" voor hulle die volgende leidraad kry, om fisiese en kognitiewe vaardighede te kombineer.

Waterpret – Waterballon-gevegte, spuitpistole, of klein swembad-speletjies hou kinders koel en aktief in die warm vakansiedae. Selfs 'n plastieksak vol water kan ure se pret gee met eenvoudige "waterbal"-speletjies.

Lees en storietyd – Skep 'n spesiale leeshoek met kussings en kombersies. Laat jou kind hul eie stories kies of saam stories skryf en illustreer. Dit bevorder taalontwikkeling en kreatiewe denke.

Kook en bak saam – Kinders kan help met eenvoudige resepte soos koekies, *smoothies* of pizza. Hulle leer volgorde, metings en kookveiligheid, terwyl hulle trots voel oor hul skeppings.

Wetenskap eksperimente – Maklike en veilige eksperimente soos koeksoda- en asyn-vulkanes, water- en kleurspeletjies, of magnetiese eksperimente maak leer pret en prakties. Dit laat kinders vrae vra en ontdek hoe dinge werk.

Musiek en dans – Speel musiek en laat kinders sing, dans of hul eie instrumente maak van potte, panne en bottels. Dit stimuleer kreatiwiteit, ritme en selfs sosiale vaardighede wanneer hulle saam met gesinslede speel.

Vakansie bied die perfekte kans om kinders aktief, kreatief en sosiaal betrokke te hou, terwyl ouers hul tyd saam kan geniet sonder dat selfone die dag oorheers.

## UIT DIE PEN: Week 13



Ek lees onlangs van kinders wat die vreeslikste goed rook. Ons weet dat daar diegene is wat gek is na nikotien, en dan na sigarette en sigare gryp. Daar is pyprokers. Wat ruik dan nou lekkerder as Rum-en-Maple twak? Dit is hoe my boetie vir jare geruik het totdat hy die pyp neergelê het.

Dan is daar diegene wat af en toe 'n *zol* van papegaaislaai rol. Hulle sê dis goed vir jig en pyn en algemene gesondheid. Ek weet al byvoorbaat dat ek die kluts heeltemal kwyt gaan wees sou ek dit rook.

Ander mense hou daarvan om 'n gemeenskaplike pyp te rook. Ek is nie meer so seker of dit die vredespyp is nie. Daardie lang Hookah- of Shishapype. In die midde-oosterse lande kom die mans na afloop van 'n werksdag by 'n restaurant bymekaar en bestel so 'n pyp.

In Suid-Afrika sou hulle 'n bier bestel het.

Nietemin, die kelners stel dan die pyp op met wat ook al die geur van die dag is. So sit die manne die hele wêreld en uitpluis terwyl hulle die pyp van een persoon na die ander oorgee.

Gril ek nou! Ek wonder wat hulle destyds tydens covid gemaak het?

Mense rook ook elektroniese sigarette. My eerste kennismaking daarmee was in die vroeë 2000's toe een van die merkers wat matriekvraestelle gemerk het, sy e-sigaret uithaal. Hy het sommer so in die saal gerook, want daar was geen reuk daaraan nie. Daardie dae het niemand gekla nie. Die elektroniese sigaret het soos 'n gewone sigaret gelyk, kompleet met die rooi puntjie.

Maar die elektroniese sigarette van nou-se-dae is 'n wolk van 'n ander kleur. Wanneer ek agter 'n motor ry waarvan die bestuurder vape, smaak dit my dat die kar heeltemal aan die brand is in die binnekant. Die rookwolke hang die hele binnekant vol, en as hulle die venster oopdraai voel dit kompleet of hulle dadelik die brandweer gaan roep om die gesmeul toe kom blus.

Jy hoef blykbaar ook nie die ding klaar te rook soos met 'n sigaret nie. Jy kan net elke keer poef-poef en weer die kontrêpsie bêre.

Ek het destyds toe ek in die Oos-Vrystaat gewoon het, gehoor dat die kinders soms 'n eie nyaope mengsel maak. Dié word dan ook in 'n koerantpapiertjie gerol en aangesteek. Die nyaope mengsel gebruik nie altyd dieselfde bestanddele nie, dit hang af van wat beskikbaar is.

Daar het ek gehoor dat kinders by huise inbreek en platskerm televisies steel. Hulle verwyder dan die skerm en gebruik die lagie wit poeier om by die nyaope te meng. Hierdie wit poeier is magnesiumoksied.

Magnesiumoksied veroorsaak diarree, maar kan ook sooibrand voorkom. Dit verlig hoofpyn en kan help om bloeddruk te verlaag en om die bloedsuikervlakke te stabiliseer. Dit is ook dieselfde poeier wat gebruik word om jou derms skoon te maak vir 'n kolonoskopie.

Ek lag nou lekker vir die newe-effekte van bogenoemde. Jammer daaroor.

Maar gun elke diertjie sy plesiertjie, hoor ek jou sê. Ek is heel gemaklik daarmee.

Hierdie week lees ek van kinders was brandblussergas rook. Wel, strenggesproke rook hulle dit seker nie, maar asem dit in. Ek was stomgeslaan. Behalwe dat iemand 'n TV sal steel, dit breek en dan rook, raak hulle hoog op goeters wat gebruik word om 'n vuur te blus.

Vir vyf punte, verduidelik asseblief vir my hoekom jy so iets sal doen?

Die newe-effekte van blootstelling daaraan is hoes, gehyg na asem en irritasie in jou keel. Jou neus, keel en longe kan branderig voel. Wanneer groot hoeveelhede hiervan ingeasem word, kan dit veroorsaak dat jy jou bewussyn verloor, hoofpyn kry, begin opgooi en deurmekaar raak.

Dis dalk laasgenoemde wat die groot trekpleister is. Is dit dalk dieselfde deurmekaargevoel wat jy kry wanneer ander, meer bekende dwelms gebruik word?

Iemand noem toe dat daar waarskuwings aan die brandblussers aangebring moet word om jongmense te beskerm. Daar moet projekte van stapel gestuur word om hulle meer bewus te maak van die gevare hiervan.

Miskien moet dit by die LO program by skole ingewerk word. Iemand anders sê dit moet op groot plakkate gedruk en opgeplak word.

Ag, nee, dink ek. As 'n nasie homself so wil uitwis, gee hulle lank genoeg kans om dit te doen. Die beste sal oorleef, het Darwin mos gesê.

Ons almal het mos common sense gekry, dink ek.

Generasie Z is mense wat tussen 1997 en 2012 gebore is. Die Alfagenerasie is tussen 2013 en 2024 gebore is. Ek verstaan hulle nie. Jy kan nie skeef kyk nie, dan *body shame* jy hulle. Jy kan nie sê dat die klere effens skraps is nie, want dan moet jy ander klere gaan koop.

Jy kan nie sê dat hulle verkeerd is nie, want dan *judge* jy. Bewaar jou as jy waarsku teen rook, vape en ander goddelose dinge. Jy kan nie sê: "kom daaroor" nie, want dan erken jy nie hulle seer nie. Jy kan nie sê dat hulle dramaties is nie, want dan laat jy hulle nie toe om hulself te wees nie.

Bewaar jou siel as jy 'n sin begin met "Toe ons nog jonk was." Hulle wil nie vergelykings hê nie. Of wat van: "Dis tog net 'n grappie." Nee, humor is nie meer aanvaarbaar nie.

Moet tog nooit sê dat hulle oorsensitief is nie. Dit word nie gedoen in vertrouensverhoudings nie, sê hulle. Het jy al gesê dat daardie generasie die hele tyd op hulle foon is? Nee, moet dit nooit sê nie. Hulle voel vreeslik geaffronteerd daaroor.

Ag, nou ja. Dan moet hierdie generasie maar brandblussers snuif, plasmatelevisies rook, batterywater drink en grondboontjieallergieë hê, *safe spaces* soek en bedenkinge hê oor hulle ouers se manier om kinders groot te maak.

Ek het hierdie week weereens geleer dat *common sense* nie so *common* is nie.

# Help Oupa Eddie om sonder pyn te loop

**HEILBRON** – 'n Plaaslike inwoner, Oupa Eddie Smit (81), het die gemeenskap se hulp dringend nodig om weer op sy voete te kan kom ná jare se erge kniepyn.

Oupa Eddie, 'n bekende en geliefde figuur in Heilbron, woon tans in die Huis Bron-van-Heil-aftreeoord en is weens ernstige knieskade afhanklik van 'n rolstoel. Volgens familie het jare se rugby in sy jong dae, asook lang ure op sy voete in sy slaghuis, veroorsaak dat die kraakbeen in sy knieë heeltemal verslyt het.

Sy toestand het oor tyd vererger en sy bene begin nou teen mekaar vasskuur, wat daagliks ondraaglike pyn veroorsaak. Dit maak selfs eenvoudige take vir hom uiters moeilik en beïnvloed hom nie net fisies nie, maar ook emosioneel.

"Hy het sy hele lewe lank ander mense eerste gestel en gehelp waar hy kon," sê familie. "Nou het hy ons hulp nodig."

Oupa Eddie is 'n trotse pa van drie kinders, oupa van agt kleinkinders en oupagrootjie van vier agterkleinkinders. Hy is ook 'n aktiewe lid van die Heilbron-gemeenskap en kerk.

Die enigste oplossing vir sy toestand is 'n knievervangingsoperasie, maar weens die gebrek aan mediese fondse kan hy dit nie self bekostig nie.

'n Fondsinsameling is van stapel gestuur met die doel om R170 000 binne ses weke in te samel sodat die operasie teen einde April kan plaasvind.

"Geen donasie is te klein nie. Elke bydrae bring hom 'n tree nader daaraan om weer sonder pyn te kan loop," sê die familie.

Die fondsinsameling word deur sy kleinkinders namens die Smit-familie gereël.

**Bankbesonderhede vir donasies:**
**Rekeningnaam:** S Slatter
**Bank:** Capitec
**Rekeningnommer:** 1731061372
**Takkode:** 470010
**Verwysing:** Oupa Eddie

Die gemeenskap word ook aangemoedig om die boodskap te deel om soveel moontlik mense te bereik.

"Saam kan ons Oupa Eddie help om weer te loop."



# Staff shortages at Relebohile clinic leave Heilbron patients without care

*By Cllr Robert Ferendale - DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) in Heilbron, Ngwathe has written the Free State Department of Health regarding staffing shortages and deteriorating conditions at Relebohile Clinic. The clinic serves the greater Heilbron community, yet patients are frequently sent home without medical care due to a higher patient volume relative to the number of healthcare workers on duty. This includes patients who require chronic medication, placing vulnerable residents at serious risk.

Information provided by a health worker who asked to remain anonymous highlights the extent of the staffing crisis at the facility. According to the information received, six professional nurses left the clinic in 2018, and an assistant nurse also retired.

Two additional assistant nurses were transferred to other facilities, another assistant nurse has since retired, and the operations manager left the clinic late last year. These positions have reportedly not been replaced.

Healthcare workers at the clinic continue to do their best under extremely difficult circumstances. Staff members are often forced to work late into the evening to assist as many patients as possible, and in many cases, lunch breaks are reduced to only a few minutes so that more residents can be helped.

In addition to the staffing crisis, the overall condition of the clinic premises is also a concern. The facility's yard is reportedly poorly maintained due to the absence of a caretaker responsible for cleaning and general upkeep.

The DA believes that the current situation is unacceptable and places unnecessary strain on both patients and healthcare workers. Residents of Heilbron deserve access to reliable and dignified healthcare services.

The health and well-being of our residents cannot be compromised.

# Van Hare tot Hoop:

## *Vivienne Fouché se Drie Skenkings Raak Lewens*

CANSA Shavathon www.shavathon.org.za

Kansa se jaarlikse KANSA Shavathon het vir Vivienne Fouché vanaf Koppies 'n diep persoonlike betekenis gekry nadat sy reeds drie keer haar hare geskenk het om pruike vir kankerpasiënte te help maak.

Vivienne se eerste skenking het in 2020 by East Rand Mall plaasgevind. Sy het daarna weer in 2022 haar hare geskenk by Brakpan Mall. Haar mees onlangse en derde skenking was op 28 Februarie 2026 by Vaal Mall.

Volgens Vivienne is haar motivering baie persoonlik. "My ma, nou 91 jaar oud, is ook 'n kanker-oorlewende. My oudste suster is in 2018 aan kanker oorlede. Albei het hul hare verloor," vertel sy. Hierdie ervarings het haar aangespoor om iets tasbaar te doen om ander pasiënte te ondersteun wat deur dieselfde proses gaan. Deur haar hare te skenk, help sy om 'n stukkie waardigheid en selfvertroue aan pasiënte terug te gee wat hul hare tydens behandeling verloor.

Vivienne se optrede dien as 'n kragtige herinnering dat selfs klein gebare 'n groot verskil kan maak. Haar voorbeeld inspireer ander om ook betrokke te raak en hoop te bring waar dit die nodigste is.




*Op die foto bo Vivienne Fouché voor en na hare geskenk by East Rand Mall, Boksburg 2020.*




*Tweede skenking 2022 by Brakpan Mall*




*Derde skenking 28 Februarie 2026 by Vaal Mall.*

**Advertensies en bydraes vir die Heilbron Herald van 2 April 2026 (Paasnaweek) is Dinsdag 31 Maart 2026 om 10:00**







Ngwathe

## OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER

### PUBLIC NOTICE FOR SALE OF RESIDENTIAL SITES

Notice is hereby given in terms of section 79(18) (b) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939) as amended, and Section 14 of the Local Government Municipal Finance Management Act 56 of 2003, that Ngwathe Local Municipality intends to dispose erven as listed in the below table subject to the undermentioned conditions.

**a) PARYS**

| Item no. | Town | Property information street address | | | Market value | Category | Permitted use | Extent SQM | Comment |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Erf No | PTN No | Street Address | | | | | |
| 1 | Parys | 566 | 0 | SCHLEBACH STREET | R287 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1726 | SERVICED |
| 2 | PARYS | 805 | 6 | FORTH AVENUE | R200 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1106 | SERVICED |
| 3 | PARYS EXT 15 | 1969 | 0 | 1969 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1136 | UNSERVICED |
| 4 | PARYS EXT 15 | 1970 | 0 | 1970 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 5 | PARYS EXT 15 | 1971 | 0 | 1971 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 6 | PARYS EXT 15 | 1972 | 0 | 1972 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 7 | PARYS EXT 15 | 1973 | 0 | 1973 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 8 | PARYS EXT 15 | 1974 | 0 | 1974 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 9 | PARYS EXT 15 | 1975 | 0 | 1975 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1388 | UNSERVICED |
| 10 | PARYS EXT 15 | 1976 | 0 | 1976 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1549 | UNSERVICED |
| 11 | PARYS EXT 15 | 1977 | 0 | 1977 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1288 | UNSERVICED |
| 12 | PARYS EXT 15 | 1978 | 0 | 1978 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1000 | UNSERVICED |
| 13 | PARYS EXT 15 | 1979 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1281 | UNSERVICED |
| 14 | PARYS EXT 15 | 2010 | 0 | 2010 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1522 | UNSERVICED |
| 15 | PARYS EXT 15 | 2029 | 0 | 2029 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1000 | UNSERVICED |
| 16 | PARYS EXT 15 | 2030 | 0 | 2030 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1164 | UNSERVICED |
| 17 | PARYS EXT 15 | 2031 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1136 | UNSERVICED |
| 18 | PARYS EXT 15 | 2032 | 0 | 2032 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1100 | UNSERVICED |
| 19 | PARYS EXT 15 | 2033 | 0 | 2033 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1156 | UNSERVICED |
| 20 | PARYS EXT 15 | 2034 | 0 | 2034 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1168 | UNSERVICED |
| 21 | PARYS EXT 15 | 2035 | 0 | 2035 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1384 | UNSERVICED |
| 22 | PARYS EXT 15 | 2308 | 0 | 1 KRAANVOEL CRESCENT | R252 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1183 | SERVICED |
| 23 | PARYS EXT 15 | 2331 | 0 | KRAANVOEL CRESCENT | R252 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1080 | SERVICED |
| 24 | PARYS EXT 15 | 2332 | 0 | KRAANVOEL CRESCENT | R252 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1000 | SERVICED |
| 25 | PARYS EXT 15 | 2333 | 0 | KRAANVOEL CRESCENT | R252 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1099 | SERVICED |
| 26 | PARYS EXT 15 | 2334 | 0 | KRAANVOEL CRESCENT | R252 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1065 | SERVICED |
| 27 | PARYS EXT 15 | 2308 | 0 | 2308 HOSPITAL ROAD | R252 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1179 | SERVICED |
| 28 | PARYS EXT 15 | 2309 | 0 | 2309 LAKSMAN STREET | R252 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1113 | SERVICED |
| 29 | PARYS EXT 15 | 2372 | 0 | 26 KRAANVOEL CRESCENT | R252 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1290 | SERVICED |
| 30 | PARYS EXT 15 | 2378 | 0 | 17 KRAANVOEL CRESCENT | R252 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1279 | SERVICED |
| 31 | PARYS EXT 15 | 2381 | 0 | 7 KRAANVOEL CRESCENT | R273 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1666 | SERVICED |
| 32 | PARYS EXT 15 | 2411 | 0 | 2411 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1185 | UNSERVICED |
| 33 | PARYS EXT 15 | 2412 | 0 | 2412 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1227 | UNSERVICED |
| 34 | PARYS EXT 15 | 2413 | 0 | 2413 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 35 | PARYS EXT 15 | 2414 | 0 | 2414 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 36 | PARYS EXT 15 | 2415 | 0 | 2415 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1185 | UNSERVICED |
| 37 | PARYS EXT 15 | 2416 | 0 | 2416 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 38 | PARYS EXT 15 | 2417 | 0 | 2417 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 39 | PARYS EXT 15 | 2418 | 0 | 2418 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1100 | UNSERVICED |
| 40 | PARYS EXT 15 | 2419 | 0 | 2419 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1190 | UNSERVICED |
| 41 | PARYS EXT 15 | 2433 | 0 | 2433 PAULEEN STREET | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1186 | UNSERVICED |
| 42 | PARYS EXT 15 | 2434 | 0 | 2434 PAULEEN STREET | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 43 | PARYS EXT 15 | 2435 | 0 | 2435 PAULEEN STREET | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 44 | PARYS EXT 15 | 2436 | 0 | 2436 PAULEEN STREET | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1185 | UNSERVICED |
| 45 | PARYS EXT 15 | 2437 | 0 | 2437 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 46 | PARYS EXT 15 | 2438 | 0 | 2438 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1185 | UNSERVICED |
| 47 | PARYS EXT 15 | 2439 | 0 | 2439 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1169 | UNSERVICED |
| 48 | PARYS EXT 15 | 2442 | 0 | 2442 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 49 | PARYS EXT 15 | 2443 | 0 | 2443 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 50 | PARYS EXT 15 | 2444 | 0 | 2444 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 51 | PARYS EXT 15 | 2445 | 0 | 2445 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 52 | PARYS EXT 15 | 2446 | 0 | 2446 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 53 | PARYS EXT 15 | 2447 | 0 | 2447 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 54 | PARYS EXT 15 | 2448 | 0 | 2448 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1256 | UNSERVICED |
| 55 | PARYS EXT 15 | 2449 | 0 | 2449 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 56 | PARYS EXT 15 | 2450 | 0 | 2450 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 57 | PARYS EXT 15 | 2451 | 0 | 2451 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 58 | PARYS EXT 15 | 2452 | 0 | 2452 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 59 | PARYS EXT 15 | 2453 | 0 | 2453 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 60 | PARYS EXT 15 | 2454 | 0 | 2454 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1290 | UNSERVICED |
| 61 | PARYS EXT 15 | 2455 | 0 | 2455 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1300 | UNSERVICED |
| 62 | PARYS EXT 15 | 2456 | 0 | 2456 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1086 | UNSERVICED |
| 63 | PARYS EXT 15 | 2466 | 0 | 2466 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1193 | UNSERVICED |
| 64 | PARYS EXT 15 | 2467 | 0 | 2467 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1246 | UNSERVICED |
| 65 | PARYS EXT 15 | 2468 | 0 | 2468 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1360 | UNSERVICED |
| 66 | PARYS EXT 15 | 2469 | 0 | 2469 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1400 | UNSERVICED |
| 67 | PARYS EXT 15 | 2470 | 0 | 2470 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 68 | PARYS EXT 15 | 2471 | 0 | 2471 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 69 | PARYS EXT 15 | 2559 | 0 | 2559 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1256 | UNSERVICED |
| 70 | PARYS EXT 15 | 2560 | 0 | 2560 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1256 | UNSERVICED |
| 71 | PARYS EXT 15 | 2561 | 0 | 2561 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 72 | PARYS EXT 15 | 2562 | 0 | 2562 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 73 | PARYS EXT 15 | 2563 | 0 | 2563 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 74 | PARYS EXT 15 | 2564 | 0 | 2564 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 75 | PARYS EXT 15 | 2565 | 0 | 2565 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 76 | PARYS EXT 15 | 2566 | 0 | 2566 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 77 | PARYS EXT 15 | 2567 | 0 | 2567 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1296 | UNSERVICED |
| 78 | PARYS EXT 15 | 2568 | 0 | 2568 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 79 | PARYS EXT 15 | 2569 | 0 | 2569 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 80 | PARYS EXT 15 | 2570 | 0 | 2570 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 81 | PARYS EXT 15 | 2571 | 0 | 2571 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 82 | PARYS EXT 15 | 2572 | 0 | 2572 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 83 | PARYS EXT 15 | 2782 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1800 | UNSERVICED |
| 84 | PARYS EXT 15 | 2783 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1300 | UNSERVICED |
| 85 | PARYS EXT 15 | 2784 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1251 | UNSERVICED |
| 86 | PARYS EXT 15 | 2785 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1351 | UNSERVICED |
| 87 | PARYS EXT 15 | 2786 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1800 | UNSERVICED |
| 88 | PARYS EXT 15 | 2787 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1800 | UNSERVICED |
| 89 | PARYS EXT 15 | 2788 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1251 | UNSERVICED |
| 90 | PARYS EXT 15 | 2789 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1251 | UNSERVICED |
| 91 | PARYS EXT 15 | 2790 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 92 | PARYS EXT 15 | 2791 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1466 | UNSERVICED |
| 93 | PARYS EXT 15 | 2792 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 94 | PARYS EXT 15 | 2793 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 95 | PARYS EXT 15 | 2794 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1300 | UNSERVICED |
| 96 | PARYS EXT 15 | 2794 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 97 | PARYS EXT 15 | 2806 | 0 | 2033 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1500 | UNSERVICED |
| 98 | PARYS EXT 15 | 2807 | 0 | 2466 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1400 | UNSERVICED |
| 99 | PARYS EXT 15 | 2808 | 0 | 2466 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1193 | UNSERVICED |
| 100 | PARYS EXT 15 | 2811 | 0 | 2419 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 101 | PARYS EXT 15 | 2812 | 0 | 2419 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1800 | UNSERVICED |
| 102 | PARYS EXT 15 | 2813 | 0 | 2419 PARYS TOWN | R25 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1400 | UNSERVICED |

**b) EDENVILLE**

| Item no. | Town | Property information street address | | | Market value | Category | Permitted use | Extent SQM | Comment |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Erf no. | PTN no. | Street address | | | | | |
| 1 | EDENVILLE | 96 | 0 | 58 WESSELS STREET | R18 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 716 | SERVICED |
| 2 | EDENVILLE | 111 | 0 | 111 VAN DER MERWE STREET | R18 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 742 | SERVICED |

Ngwathe Municipality

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | EDENVILLE | 111 | 0 | 112 VAN DER MERWE STREET | R16 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 745 | SERVICED |
| 4 | EDENVILLE | 113 | 0 | 113 VAN DER MERWE STREET | R16 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 745 | SERVICED |
| 5 | EDENVILLE | 208 | 0 | 208 VAN RENSBURG STREET | R69 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 3102 | SERVICED |
| 6 | EDENVILLE | 373 | 0 | 373 MARK STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1190 | SERVICED |
| 7 | EDENVILLE | 333 | 0 | 333 VAN RENSBURG STREET | R60 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2514 | SERVICED |
| 8 | EDENVILLE | 388 | 0 | 388 MARK STREET | R40 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1347 | SERVICED |
| 9 | EDENVILLE | 378 | 0 | 378 SUID STREET | R62 300.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1100 | SERVICED |
| 10 | EDENVILLE | 383 | 0 | 383 VAN NIEKERK STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2971 | SERVICED |
| 11 | EDENVILLE | 427 | 0 | 427 VAN RENSBURG STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 12 | EDENVILLE | 431 | 0 | 431 C/O BUITEKANT & MOSSEL ST | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 3075 | SERVICED |
| 13 | EDENVILLE | 433 | 0 | 433 VAN RENSBURG STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 14 | EDENVILLE | 435 | 0 | 435 VAN RENSBURG STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 15 | EDENVILLE | 436 | 0 | 436 VAN RENSBURG STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 16 | EDENVILLE | 441 | 0 | 441 ELIZABETH STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 17 | EDENVILLE | 442 | 0 | 442 ELIZABETH STREET | R60 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 18 | EDENVILLE | 498 | 0 | 498 BUITEKANT STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |

**c) VREDEFORT**

| Item no. | Town | Property information street address | | | Market value | Category | Permitted use | Extent SQM | Comment |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Erf no. | PTN no. | Street address | | | | | |
| 1 | VREDEFORT | 289 | 0 | PHIL STEYN STREET | R100 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 500 | SERVICED |

**d) MOKWALLO**

| Item no. | Town | Property information street address | | | Market value | Category | Permitted use | Extent SQM | Comment |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Erf no. | PTN no. | Street address | | | | | |
| 1 | MOKWALLO | 344 | 0 | 344 MOKWALLO | R9 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 278 | SERVICED |
| 2 | MOKWALLO | 345 | 0 | 345 MOKWALLO | R9 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 274 | SERVICED |
| 3 | MOKWALLO | 346 | 0 | 346 MOKWALLO | R9 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 274 | SERVICED |
| 4 | MOKWALLO | 347 | 0 | 347 MOKWALLO | R9 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 333 | SERVICED |
| 5 | MOKWALLO | 348 | 0 | 348 MOKWALLO | R9 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 287 | SERVICED |
| 6 | MOKWALLO | 349 | 0 | 349 MOKWALLO | R9 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 288 | SERVICED |

**e) HEILBRON**

| Item no. | Town | Property information Street Address | | | Market value | Category | Permitted use | Extent SQM | Comment |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Erf no. | PTN no. | Street address | | | | | |
| 1 | HEILBRON EXT 15 | 950 | 0 | 2 NOOIENSEESTRAAT STREET | R120 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1511 | SERVICED |
| 2 | HEILBRON EXT 15 | 957 | 0 | BREE STREET | R150 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1503 | SERVICED |
| 3 | HEILBRON EXT 15 | 959 | 0 | BREE STREET | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1503 | SERVICED |
| 4 | HEILBRON EXT 15 | 960 | 0 | BREE STREET | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1503 | SERVICED |
| 5 | HEILBRON EXT 15 | 961 | 0 | BREE STREET | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1503 | SERVICED |
| 6 | HEILBRON EXT 15 | 962 | 0 | 1 SAMPIE FRONEMANSTRAAT STREET | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1532 | SERVICED |
| 7 | HEILBRON EXT 15 | 965 | 0 | 5 SAMPIE FRONEMANSTRAAT STREET | R255 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 8000 | SERVICED |
| 8 | HEILBRON EXT 15 | 966 | 0 | 7 SAMPIE FRONEMANSTRAAT STREET | R165 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1229 | SERVICED |
| 9 | HEILBRON EXT 15 | 972 | 0 | 15 EERSTESTRAAT STREET | R160 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2005 | SERVICED |
| 10 | HEILBRON EXT 15 | 973 | 0 | 17 EERSTESTRAAT STREET | R125 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1086 | SERVICED |
| 11 | HEILBRON EXT 15 | 974 | 0 | 15 EERSTESTRAAT STREET | R125 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1080 | SERVICED |
| 12 | HEILBRON EXT 15 | 975 | 0 | 13 EERSTESTRAAT STREET | R125 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1866 | SERVICED |
| 13 | HEILBRON EXT 15 | 976 | 0 | 11 EERSTESTRAAT STREET | R125 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1065 | SERVICED |
| 14 | HEILBRON EXT 15 | 977 | 0 | 9 EERSTESTRAAT STREET | R130 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2307 | SERVICED |
| 15 | HEILBRON EXT 15 | 978 | 0 | 7 EERSTESTRAAT STREET | R132 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2614 | SERVICED |
| 16 | HEILBRON EXT 15 | 979 | 0 | 5 EERSTESTRAAT STREET | R135 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2286 | SERVICED |
| 17 | HEILBRON EXT 15 | 980 | 0 | 3 EERSTESTRAAT STREET | R120 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2298 | SERVICED |
| 18 | HEILBRON EXT 15 | 1022 | 0 | 101 BESOE STREET | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 984 | SERVICED |
| 19 | HEILBRON EXT 15 | 1025 | 0 | 107 BESOE STREET | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 966 | SERVICED |
| 20 | HEILBRON EXT 15 | 1026 | 0 | 109 BESOE STREET | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 21 | HEILBRON EXT 15 | 1021 | 0 | 111 BESOE STREET | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 22 | HEILBRON EXT 15 | 1036 | 0 | 113 BESOE STREET | R100 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 713 | SERVICED |
| 23 | HEILBRON EXT 15 | 1039 | 0 | 46 VYFDE STRAAT | R100 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | [illegible] | SERVICED |
| 24 | HEILBRON EXT 15 | 1049 | 0 | 115 SESDESTRAAT | R105 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 25 | HEILBRON EXT 15 | 1050 | 0 | 34 TWAALFDESTRAAT | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 26 | HEILBRON EXT 15 | 1055 | 0 | 39 TWAALFDESTRAAT | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 27 | HEILBRON EXT 15 | 1064 | 0 | 31 VACANT STAND | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 28 | HEILBRON EXT 15 | 1066 | 0 | 33 VACANT STAND | R100 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 29 | HEILBRON EXT 15 | 1067 | 0 | 27 VACANT STAND | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 898 | SERVICED |
| 30 | HEILBRON EXT 28 | 1270 | 0 | LUAMBER STREET | R75 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1116 | SERVICED |
| 31 | HEILBRON EXT 28 | 1271 | 0 | LUAMBER STREET | R75 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1340 | SERVICED |
| 32 | HEILBRON EXT 28 | 1272 | 0 | LUAMBER STREET | R75 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | [illegible] | SERVICED |
| 33 | HEILBRON EXT 28 | 1273 | 0 | LANDMARK STREET | R75 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1384 | SERVICED |
| 34 | HEILBRON EXT 28 | 1274 | 0 | LANDMARK STREET | R75 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1333 | SERVICED |
| 35 | HEILBRON EXT 28 | 1275 | 0 | LANDMARK STREET | R75 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1376 | SERVICED |
| 36 | HEILBRON EXT 28 | 1276 | 0 | LANDMARK STREET | R75 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1580 | SERVICED |
| 37 | HEILBRON EXT 28 | 1277 | 0 | LUAMBER STREET | R75 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1324 | SERVICED |
| 38 | HEILBRON EXT 28 | 1278 | 0 | LUAMBER STREET | R75 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1102 | SERVICED |
| 39 | HEILBRON | 1308 | 0 | TWEEDE STREET | R265 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 8937 | SERVICED |
| 40 | HEILBRON | 1309 | 0 | 12 TWEEDESTRAAT STREET | R200 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 3797 | SERVICED |

**IMPORTANT INFORMATION:**

A copy of the offer form is available at the SCM Office as per specified amount below:

| No. | Market Value | Amount |
|---|---|---|
| 1 | Below R10 000.00 | R550.00 |
| 2 | Above R10 001.00 and below R100 000.00 | R1 600.00 |
| 3 | Above R100 001.00 and below R200 000.00 | R2 000.00 |
| 4 | Above R200 001.00 and more | R3 000.00 |

| | |
|---|---|
| PAYMENTS CANNOT BE MADE AT SUPPLY CHAIN MANAGEMENT OFFICE BUT CAN BE MADE AT THE FOLLOWING MUNICIPAL PAY POINTS:<br>PARYS (FINANCE DEPARTMENT CASHIER HALL)<br>VREDEFORT MUNICIPAL OFFICES<br>EDENVILLE MUNICIPAL OFFICES<br>KOPPIES MUNICIPAL OFFICES<br>HEILBRON MUNICIPAL OFFICES | ALTERNATIVELY, DIRECT OR ELECTRONIC DEPOSITS CAN BE MADE INTO THE SCM BANK ACCOUNT:<br>ABSA ACCOUNT NO: [illegible]<br>BRANCH CODE: [illegible]<br>REF NO: TENDER NAME & REF NUMBER |
| Availability of Offer forms: [illegible] | Offer forms to be collected and submitted at: Supply Chain Management Unit [illegible] Ngwathe Local Municipality Offices, Liebenbergstrek, Parys |

A copy of the above form is available at the SCM Offices at a non-refundable amount as stipulated on the above column, payable by cash at the municipal cashier point or by direct deposit with a proof of deposit thereof being provided.

Further, application forms must be completed in full. Any incomplete or incorrectly filled forms will be disqualified. The following must be submitted together with the offer form:

- Completed a prescribed forms and must reference the specific ERF number being applied for.
- Certified Copy of a South African ID (not older than 3 months); and
- Certified Copy of Proof of address (not older than 3 months, and municipal account should not be in arrears for 90 days period)

**BASIS OF EVALUATION**

a) The assessment will be in accordance with MFMA and other applicable Legislation.

b) All offers to purchase will be evaluated by a Bid Evaluation Committee as appointed by the Municipal Manager. The following criteria will be applicable:

- Preference will be given to first time homeowners, previously disadvantaged individuals, person living with disability, Women and youth.
- Preference will be given to residence residing in all towns under the jurisdiction of the Municipality.
- Applicants who wish to apply for more than one site simultaneously are welcome to do so, however, a new offer Form must be completed for each site.
- Only natural persons, being individual human beings, and NOT private (i.e. business entity or governmental organization) or public (i.e. government) organizations will be considered; and
- All residential site with a market value of above R100 000.00 will have to pay 10% upon approval of the offer.

Any representations or objections to the intended disposal must be made in writing, specifying which ERF the objection relates to, and addressed to the Municipal Manager (Dr FP Mothamaha) within 30 days of the publication of this notice on this address: The Municipal Manager, Ngwathe Local Municipality, P.O Box, Parys, 9585 Or Liebenbergstrek, Parys, 9585.

**The closing date for the submission of application form is on Wednesday, 01 April 2026 at 12:00pm.**

**A completed offer form together with ALL the required attachments should be place in a sealed envelope that is clearly marked and deposited in the Tender Box situated at Ngwathe Local Municipality, Ground Floor, Liebenbergstrek, Parys, 9585.**

Note: It remains the Council's prerogative to withdraw any of the properties from the market and not to sell any of the properties.

For further information, please contact Mr Jonas Mogorosi Chief Housing Officer on (056) 816 2700 or via email at tholojonas@ngwathe.co.za

**DR FP MOTHAMAHA**
**MUNICIPAL MANAGER**

# Sandersville eerste in Heilbron met leerling-patrollie




Sandersville Gekombineerde Skool het geskiedenis gemaak deur die eerste – en tans enigste – skool in Heilbron te wees wat 'n leerlingpatrollie ingestel het om padveiligheid te bevorder.

Die leerlingpatrollie speel 'n belangrike rol om leerders daagliks te beskerm en orde by die skoolhekke te handhaaf. Die projek het onlangs verdere momentum gekry toe padveiligheidsowerhede opleiding aan die patrollielede verskaf het, asook die nodige toerusting om hul take doeltreffend te verrig.

Danksy hierdie ondersteuning funksioneer die patrollie nou meer georganiseerd en met groter selfvertroue. Die skool beplan om in die toekoms ook reënjasse aan te skaf, sodat die leerders selfs tydens swak weerstoestande hul diens veilig en sigbaar kan voortsit.

Die leerlingpatrollie bestaan uit 15 toegewyde lede en word ondersteun deur drie onderwysers wat toesig hou en leiding bied. Die leerders is entoesiasties oor hul rolle en neem hul verantwoordelikhede ernstig op.

Hulle is daagliks by die skoolhekke aan diens, waar hulle help om leerders veilig oor die pad te begelei. Hul teenwoordigheid dra beduidend by tot 'n veiliger en meer gestruktureerde skoolomgewing.






# Huppel Trippel leer oor gelowe van die Wêreld

Nonna het onderhoudend vertel hoe die Christelike, Moslem, Boeddisme, Hindoeïsme en die Joodse gelowe van mekaar onderskei word. Ook hoe troues in die verskillende gelowe gevier word. En wat die plekke van aanbidding; sowel as die heilige boek van elke geloof genoem word. Nog 'n interessante kwessie was die verskille in die kleredrag van die verskillende gelowe. Die Huppel Trippel-lede het entoesiasties vertel wat hulle al van die genoemde gelowe beleef het.

Met ons volgende saamkuier op 7 April raak ons fisies aktief. Jy's uitgenooi om saam te kom. Sien jou daar!




*Agter: Sanet Vosloo met 'n foto van die Hindoes se heilige boek. Magdaleen van Rensburg wys waaruit die Christelike geloof se elemente bestaan. Martie Ferreira wys hoe die Jode se Tora lyk. Sue v/d Westhuizen het 'n foto van twee Ortodokse Joodse mans. Nonna wys hoe lyk die Jode se Menora (Judaïsme). Voor: Sarah du Plessis wys een van die Hindoe-beelde. Kerneels het 'n foto van 'n Moslem tempel. In Alberta Kühn se hand is 'n foto van 'n ritueel wat beide die Hindoes en die Moslems by hulle troues volg. Die bruid en gevolg versier hulle hande met die sap van die Henna plant. Mercia Viljoen wys hoe die Hindoes lyk wanneer hulle trou.*

# We call on the Ngwathe Local Municipality to act with urgency and prioritise the safety of the people of Heilbron

The Democratic Alliance in Heilbron is deeply concerned about the state of street lighting across Heilbron Town and Phiritona Township following a recent oversight visit conducted by DA public representatives.

During the inspection, it was discovered that street lights along Langmark Street and Kerk Street in Heilbron Town are completely non-functional. In Phiritona Township, a number of Apollo lights have also been found to be off, leaving large sections of the community in total darkness. Equally concerning is the fact that several street lights across both areas remain switched on during the day and night, resulting in unnecessary electricity consumption and placing an avoidable financial burden on an already cash-strapped municipality.

The DA views this situation as a direct threat to the safety and security of the residents of Heilbron and Phiritona. Darkness creates an enabling environment for criminals and criminal activity, and it is unacceptable that the community must live in fear when walking in their own streets.

The issue of lights that remain on around the clock is not only wasteful but also costly. The municipality is forced to replace fittings far more frequently than necessary and continues to spend ratepayer money on electricity during daylight hours, money that could be redirected toward meaningful service delivery.

The residents of Heilbron and Phiritona deserve better. They deserve to feel safe in their communities at all times, and they deserve a municipality that takes basic service delivery seriously. The DA will not stand by while the safety of our communities is neglected. As the voice of the voiceless, I will be escalating this matter formally by writing to the Municipal Manager of Ngwathe Local Municipality, demanding urgent intervention to restore all non-functional street lights and repair the faulty lights that remain on during the day.

We call on the Ngwathe Local Municipality to act with urgency and prioritise the safety of the people of Heilbron.




# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

## AUCTION

MCINTYRE VAN DER POST LAW FIRM
**Case No. 5590/2021**
Refer: NA1097/SVDW
**NOTICE OF SALE IN EXECUTION**
**IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA FREE STATE DIVISION, BLOEMFONTEIN**
In the matter between:
**THE STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA LIMITED**
**PLAINTIFF**
And
**JILLIAN ANN APPLEBY (ID NUMBER: 670210 0040 083)**
**DEFENDANT**
In pursuance of a judgment of the above Honourable Court dated 30 May 2024 and a Writ for Execution, the following property will be sold in execution on **Tuesday the 14 April 2026** at 10:00 at before the Sheriff of Vrede held at Magistrate's Court, Knipe Street, Memel.
**CERTAIN:** 207 MEMEL, DISTRICT VREDE, PROVINCE FREE STATE
**IN EXTENT:** 2974 (TWO THOUSAND NINE HUNDRED AND SEVENTY FOUR SQUARE METRES
**HELD BY:** DEED OF TRANSFER NO T19352/2011
**SUBJECT TO:** THE CONDITIONS CONTAINED THEREIN
**ALSO KNOWN AS:** 7 VOORTREKKER STREET, MEMEL
**CONSISTING OF:** A RESIDENTIAL UNIT ZONED FOR RESIDENTIAL PURPOSES CONSISTING OF A 1 X LOUNGE, 1 X DINING ROOM, 1 X KITCHEN, 1 X STUDY, 4 X BEDROOMS, 2 X BATHROOMS, 1 X TOILET. FLATLET: 1 X BEDROOM, 1 X BATHROOM, 1 X KITCHEN. (NOT GUARANTEED)
The Purchaser shall pay VAT and a deposit of 10% of the purchase price in cash on the day of the sale, the balance against transfer, to be secured by a bank or building society guarantee, to be approved by the Plaintiff's attorney, to be furnished to the said Sheriff within fourteen (14) days after the date of the Sale.
The conditions of sale will lie open for inspection during business hours at the Offices of the Sheriff for the High Court, Vrede.
**TAKE FURTHER NOTICE THAT:**
This is a sale in execution pursuant to a judgment obtained in the above Court. The Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the Sheriff, for the High Court, 22 De Wet Street, Reitz.
Registration as a buyer, subject to certain conditions, is required i.e.:
1. Directions of the Consumer Protection Act 68 of 2008 (obtainable at URLhttp://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961).
2. Fica-legislation in respect of identity & address particulars.
3. Payment of registration monies.
**Registration conditions.**
The office of the Sheriff of the High Court, Vrede (Mrs Louisa Minnie / Deputy N. Duvenhage) will conduct the sale.
Advertising costs at current publication tariffs and sale costs according to court rules will apply.
Dated at Bloemfontein on this the 17ht day of February 2026.
**ATTORNEY FOR PLAINTIFF**
**DERK VAN VUUREN**
**McINTYRE VAN DER POST**
**C/O McINPYRE VAN DER POST, 12 BARNES STREET, WESTDENE, BLOEMFONTEIN 9301**
**Ref: NA1097/svdw**
**SHERIFF OF THE HIGH COURT**
**22 DE WET STREET, REITZ, 9810**
**TEL NO: 083 654 7512**

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer T10060/2014**
passed by The Joint Liquidators of
**MAKSPRO EEN PROPRIETARY LIMITED**
**(IN LIQUIDATION)**
**Registration number 2001/017386/07**
**NUMBER G656/2013**
in favour of
**GILLIAN HOPE MILLER** duly authorised hereto by a resolution of the Directors of
**THANDA KWAKHO HOLDINGS PROPRIETARY LIMITED**
**Registration Number 2003/027877/07**
in respect of
PORTION 7 (OF 6) of the farm Smaldeel 683, District Heilbron, Province Free state
In Extent 73,5811
(Seventy Three Comma Five Eight One One) Hectares
Held by Deed of **Transfer Number T10060/2014**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds; Free State at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Bryanston on 18 March 2026.
GILLIAN HOPE MILLER duly authorised hereto by a resolution of the Directors of
**THANDA KWAKHO HOLDINGS PROPRIETARY LIMITED**
**REGISTRATION NUMBER 2003/027877/07**

**PAGEL SCHULENBURG INC**
**PETER PLACE OFFICE PARK**
**FIRST FLOOR, HAMPTON HOUSE (BLOCK H)**
**54 PETER PLACE, LYME PARK, 2132**
**TEL: 011 463 1214**

## BOEDELKENNISGEWING

In die Boedel van
Wyle **GABRIEL DU PLESSIS VENTER,**
Identiteitsnommer: 461107 5066 08 4
in lewe getroud binne gemeenskap van goedere met SHEILA VENTER,
Identiteitsnommer: 470212 0052 08 6,
woonagtig te Du Plessisstraat 18, Petrus Steyn, 9640
wie oorlede is op 01 Junie 2021
**BOEDELNOMMER 010927/2021**
Ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie en Distribusierekening vir 21 dae vanaf 27 Maart 2026 by die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein en die Landdros te Petrus Steyn ter insae sal lê en dat indien geen besware binne gegewe tydperk ontvang word nie, die Ekskuteur tot uitbetaling daarvolgens sal oorgaan.
**CORNE BOSHOFF PROKUREURS**
**KERKSTRAAT 12,**
**FRANKFORT, 9830**
**TEL: 058 813 1068**
**E-POS: estates@clblaw.co.za**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die Boedel van
**WYLE GERHARDUS PETRUS PIENAAR**
Identiteitsnommer: 430428 5021 08 7
Ongetroud
**Van:** Grovestraat 45,
Oranjeville, 1995
**Wie oorlede is op:** 29 Januarie 2026
In lewe 'n pensioenaris
**BOEDELNOMMER: 001605/2026**
Alle persone wat vorderinge teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30 (DERTIG) dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58**
**HEILBRON**
**9650**
**Verw : PPvdM/ne**
**Tel : 058 852 2041**
**E-Pos : merlaw@phillaw.co.za**


Vir enige nuus en advertensies vir die
Heilbron Herald
Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron



POSTNET HEILBRON
COLLECTION & DELIVERY
Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY
R150 per parcel
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK
BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078









HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Sonja Muller 081 849 1877



Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.
Herald Office National



WINKELURE
Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National





SELF-INKING STAMPS
SELF-INKING DATER STAMPS
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National



STROOP VAN SOJAS





PAUL KEOGH
071 363 4129


# SMALLS

# DIENSTE


BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com



BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron



DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com



BIBLIOTEEK OOP
*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
*Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.*



BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON


## GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD Sport

# Leonard wen maandbeker op Heilbron


*Op die foto vl: Jackie Leonard, Pieter van Staden en Ruan Mienie.*

Die onstuimige weer het verlede Saterdag nie vir Jackie Leonard gekeer nie toe hy die maandbeker op Heilbron gewen het met 'n uitstekende rondte van 1 onder baansyfer.

In moeilike toestande moes spelers hul beste uithaal, en Leonard se goeie baanbestuur en putwerk het hom die oorwinning besorg. Ruan Mienie het tweede geëindig met 38 houe, gevolg deur Pieter van Staden met 40 houe.

Spelers kon egter slegs nege putjies voltooi weens gure weersomstandighede wat spel onmoontlik gemaak het. Nietemin het almal die dag geniet, en die baan is in 'n uitstekende toestand, tot groot tevredenheid van die spelers.

Intussen sien gholfspelers uit na die AP Kerk Gholfdag wat op 11 April by die Heilbron Gholfklub plaasvind. Dit sal 'n shotgun start wees om 11:00 (registrasie vanaf 10:30). Die inskrywingsfooi is R400 per speler, wat 18 gaatjies, halfweghuis-etes (burger en skyfies) asook 'n aandete insluit. Ekstra etes sal beskikbaar wees teen R150. Besprekings kan by Gerbus gedoen word by 079 495 2139.

Die klub nooi alle gholfspelers en ondersteuners om die dag te kom geniet en die geleentheid te ondersteun.

# Heilbron blink uit by Valsrivier Enkelspele



Die Valsrivier Enkelspel Kampioenskappe het onlangs plaasgevind en het sterk kompetisie onder die streek se beste rolbalspelers opgelewer. Altesaam 12 top vrouespelers het deelgeneem, waarvan slegs vier na die volgende ronte op Welkom kon deurdring. Die spelers is in vier groepe verdeel, met net die wenner van elke groep wat kon deurgaan – wat vir taai en mededingende wedstryde gesorg het.

Onder die deelnemers was verskeie spelers van die Heilbron-klub, wat hul staal deeglik gewys het. Carien Bosman het besonder goed gevaar en haar groep gewen ná 'n beslissende oorwinning. Sy het met haar spel gewys dat sy beslis 'n speler is om dop te hou.

In die eindstryd het Sonja Muller as kampioen uit die stryd getree ná 'n reeks sterk vertonings deur die dag. Sy het deurgaans goeie vorm gehandhaaf en haar wedstryde met selfvertroue benader.

Aan die manskant het 25 spelers deelgeneem, waarvan ook net vier na die halfeindrondte kan deurgedring. Heilbron was goed verteenwoordig met ses spelers in die kompetisie. Die finaal het 'n besondere kinkel gehad toe Edward en RJ Muller, pa en seun, mekaar die stryd aangesê het. Edward het uiteindelik as kampioen uit die stryd getree, met RJ wat die silwermedalje verower het – 'n trotse oomblik vir die familie.

Heilbron se spelers het oor die algemeen uitstekend gevaar en vyf van die ses beskikbare medaljes ingepalm:
- **Mans:** Edward (goud), RJ (silwer)
- **Dames:** Sonja Muller (goud), Carien Bosman (silwer), Hannalie Claassen (brons)

Al die medaljewenners dring nou deur na die Noord-Vrystaat enkelspel, waar hulle weer hul vermoëns teen die beste in die streek sal meet.


*Hannalie Claassen, Sonja Muller en Carien Bosman.*


*Edward en RJ Muller*


*Edward en Sonja Muller*


BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG -30MAART 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WOENSDAG - 1 APRIL 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
DONDERDAG - 2 APRIL 2026
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za



HOËRSKOOL HEILBRON
wil elkeen betrokke hartlik bedank vir 'n suksesvolle
2026 MANNE-AAND

Fuel Stop – Total Energies
Midland Meat
Glen Guinea
Jack Leonard Snr.
Habig's Nest
Bashia Lake
Willie & Christine Cronje
96 on Breë
Star Slaghuis
Mari Germishuys
Pakworks
RSA Grain Storage Solutions
Marais Breitenbach
Herman Kriel
Lood Lesch
Elza Kriel
Dr. Baan Dental Care
Marinelle Breitenbach
BKB Heilbron Handelstak
Danie Myburgh
Lee Meat
Renette van Rooyen
Hansel & Gretel
EJ Stainless & Mild Steel Solution
Michiel Broodryk
Annari Combrink
Gerrie Roos
Eenstop Agri
Midland
Dekalb
Willie Erasmus
Telwiedré
Jannie Bornman
Potgieter en Vennote
VKB Heilbron
ClaasChem
BKB
FPS Diesel
JD Claassen
Carin Keogh
Cemón Snyman
Danie Rietchard
Ellen-Louise Dreyer
Francina Volschenk
Henriëtte Janse van Rensburg
Herman Claasen
Karla Kriel
Kobus Wellbach
Leanne Greyling
Liezel Viviers
Marietjie Baan
Marietjie Pieters
Monette Bornman
Neil Els
Nicolene Roos
Rachelle Booysen
Rodré Germishuys
Suné Pienaar
Suryn Claasen
Yolandé Rossouw

BAIE DANKIE
ELKEEN BETROKKE SE BYDRAE WORD OPREG WAARDEER



Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald.

Kontak gerus vir Antonio by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za



Vir die stroop van Mielies en Sojas

Koos Engelbrecht
082 388 2277



VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING